

<b>FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700</b> <b>Seminaar RS 3 – Voorgestelde antwoorde</b> <b>PH Ferreira</b>	<b>DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP</b>
--	---

### VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 1

1. Finansiële state wat bedoel is om die behoeftes van daardie gebruikers wat nie in 'n posisie is om verslae volgens hulle spesifieke behoeftes aan te vra nie, aan te spreek [IAS 1.7].
2. Die volgende openbaarmaking word verlang [IAS 1.25]:
  - Die feit dat die finansiële state nie op 'n lopendesaak-grondslag voorberei is nie;
  - Die grondslag waarop die finansiële state voorberei is; en
  - Die rede waarom die entiteit nie as 'n lopende saak beskou kan word nie.
3. Die effek van transaksies en ander gebeure word erken wanneer dit plaasvind (en nie wanneer kontant of kontantekwivalente ontvang of betaal word nie). As gevolg hiervan word transaksies in die finansiële state aangeteken en oor verslag gedoen in die tydperk waarmee die transaksie verband hou [Die Konsepsule Raamwerk OB.17]. Verder word items erken as bates, laste, ekwiteit, inkomste en uitgawes wanneer daar aan die definisies en erkenningskriteria van Die Konsepsule Raamwerk voldoen word [IAS1.28].
4. Beskrywende inligting wat verband hou met die voorafgaande tydperk behoort in die huidige finansiële state herhaal te word slegs as dit relevant is vir 'n begrip van die huidige tydperk se finansiële state [IAS 1.38].
5. Indien 'n entiteit sy verslagdoeningsdatum verander, sal die verslagdoeningstydperk langer/korter as een jaar wees. Gevolglik behoort die volgende geopenbaar te word [IAS 1.36]:
  - die rede vir die gebruik van 'n langer/korter tydperk; en
  - die feit dat die bedrae, wat in die finansiële state aangebied word, nie volkome vergelykbaar is nie.
6. Omdat die werk-in-proses beoog is vir verkoop in die entiteit se normale bedryfsiklus, behoort die volle bedrag (100%) as 'n bedryfsbate geklassifiseer te word. Die bedrag (20%) wat na verwagting eers na langer as 12 maande verhaal sal word, moet egter afsonderlik openbaar word [IAS 1.61, .65].
7. Die oordeel wat geopenbaar moet word, hou verband met rekeningkundige beleid en het geensins betrekking op ramings nie, terwyl die bronne van ramingsonsekerheid verband hou met ramings.  
'n Voorbeeld van eersgenoemde sal wees die oordeel wat toegepas word

wanneer bepaal word of, in wese, sekere verkope van goedere finansierings-ooreenkomste is en dus nie aanleiding gee tot inkomste nie. 'n Voorbeeld van laasgenoemde sal wees die aannames oor verdiskonteringskoerse gebruik om 'n bate se gebruikswaarde te bepaal [IAS 1.122 - .133].

8. Paragraaf 135 van IAS 1 vereis openbaarmaking van:
    - 'n entiteit se doelwitte, beleide en prosesse vir kapitaalbestuur;
    - kwantitatiewe data oor wat die entiteit as kapitaal beskou;
    - of die entiteit voldoen aan enige kapitaalvereistes; en
    - as die entiteit nie voldoen nie, die gevolg van nienakoming.
  9. Dividend per aandeel mag **nie** op die gesig van die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste aangebied word nie. Volgens IAS 1.107 kan 'n entiteit dividend per aandeel óf in die staat van verandering in ekwiteit óf in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar.
  10. Wins of verlies is die som van die entiteit se inkomste minus uitgawes, maar winste en verliese wat in ander omvattende inkomste erken is word uitgesluit. Ander omvattende inkomste behels inkomste- en uitgawe-items wat nie in wins of verlies erken is nie, soos voorgeskryf of toegelaat deur ander Standpunte. Voorbeelde sluit in:
    - veranderings in herwaardasiesurplus;
    - omrekeningswinste in verband met buitelandse bedrywighede;
    - winste/verliese op finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste;
    - winste/verliese in verband met kontantvloeiaksie.
- Totale omvattende inkomste is die somtotaal van wins of verlies en ander omvattende inkomste. Dit verteenwoordig die veranderings in ekwiteit gedurende 'n tydperk as gevolg van transaksies en ander gebeure, buiten dié wat ontstaan uit transaksies met eienaars in hul hoedanigheid as eienaars.
11. Herklassifikasie-aansuiwering is bedrae wat herklassifiseer is na wins of verlies in die huidige tydperk en wat in die huidige, of vorige tydperke, in ander omvattende inkomste erken was. Byvoorbeeld, winste of verliese met wisselkoersverskille met omrekening van buitelandse bedrywighede word in ander omvattende inkomste erken wanneer dit ontstaan in dit word in ekwiteit geakkumuleer. Wanneer dié buitelandse bedrywigheid egter verkoop word, moet die bedrag wat in ekwiteit geakkumuleer is, ingesluit word in wins of verlies. Dié bedrag moet afgetrek word van ander omvattende inkomste om die dubbele insluiting daarvan in totale omvattende inkomste te vermy.

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2**

- a. 'n Volledige stel finansiële state behels (IAS 1.10):
- 'n staat van finansiële posisie
  - 'n staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste
  - 'n staat van verandering in ekwiteit
  - 'n staat van kontantvloei
  - aantekeninge
  - 'n staat van finansiële posisie soos op die begin van die vroegste vergelykende periode wanneer 'n entiteit 'n reknkundig beleid terugwerkend toepas of wanneer 'n entiteit terugwerkende aanpassings van items in die finansiële state maak, of wanneer items in die finansiële state geherklassifiseer word
- b. Rekeningkundige hanterings wat nie toepaslik is nie, word nie reggestel deur openbaarmaking van rekeningkundige beleid wat hierop betrekking het, of deur aantekeninge of verduidelikende materiaal te verskaf nie.

Wanneer oorweeg word of die nienakoming van 'n spesifieke vereiste van 'n standpunt nodig is, moet die volgende in aanmerking geneem word:

- waarom die doelwit van finansiële state nie bereik word in die spesifieke omstandighede nie;
- die mate waarin die entiteit se omstandighede verskil van ander entiteite wat wel die vereiste nakom. (Indien ander entiteite in soortgelyke omstandighede die vereiste nakom, bestaan daar 'n weerlegbare aanname dat nakoming van die vereiste nie misleidend is nie.)

Sou bestuur tot die gevolgtrekking kom dat die afwyking van die vereistes van 'n standpunt noodsaaklik is (met dien verstande dat die relevante regulerende raamwerk (Maatskappywet) se vereistes so 'n afwyking vereis of nie so 'n afwyking verbied nie), dan moet die entiteit afwyk van die vereiste. Ten einde te verseker dat gebruikers egter 'n ingeligte mening oor die uitwerking van 'n afwyking van 'n Standpunt kan vorm, is dit noodsaaklik om voldoende inligting te verskaf.

Die volgende openbaarmaking is daarom nodig:

Verwys na IAS 1.20 (a – d).

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3**

Baie rekenmeesters is van mening dat die rekeningkundige beleid slegs openbaar moet word wanneer daar 'n keuse is tussen twee alternatiewe beleide.

Hierdie benadering stem egter nie ooreen met die omskrywing van rekeningkundige beleid nie. In IAS 8.5 lui die omskrywing (definisie) soos volg :

*Rekeningkundige beleide is die spesifieke beginsels, grondslae, konvensies, reëls en praktyke wat deur 'n entiteit by die opstel en aanbieding van finansiële state aanvaar is.*

Dié omskrywing is baie breed, en die doel daarvan is om die beleid wat deur die maatskappy aanvaar is en toegepas word, aan die gebruikers oor te dra. M.a.w. finansiële state behoort nie slegs rekeningkundige beleid te rapporteer wanneer daar 'n keuse tussen alternatiewe grondslae gemaak word nie, maar behoort eerder die gebruiker in te lig van alle wesenlike rekeningkundige beleide wat toegepas word. (Sommige Standpunte vereis egter spesifieke openbaarmaking van sekere rekeningkundige beleide.)

By die identifisering van wesenlike rekeningkundige beleide behoort 'n entiteit die aard van hul bedrywighede te oorweeg, sowel as beleide wat gebruikers van die finansiële state sou verwag (inaggenome die sort entiteit) om openbaar te wees.

'n Rekeningkundige beleid mag beduidend wees as gevolg van die aard van 'n entiteit se bedrywighede ten spyte daarvan dat bedrae (vir die huidige en vorige tydperke) nie wesenlik is nie.

Verwys na IAS 1.117 – 121.

## VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4

**SAFARI BPK  
STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE  
JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X7 (funksie)**

	Aant.	20X7 R	20X6 R
Inkomste		900 000	
Koste van verkope (ber. 1)		<u>(500 000)</u>	
Bruto wins		400 000	
Ander inkomste		10 000	
Verspreidingskoste		(100 000)	
Administratiewe uitgawes (5 + 15 + 50)		(70 000)	
Ander uitgawes (39 + 2 + 7 + 2 + 20)		(70 000)	
Finansieringskoste		<u>(30 000)</u>	
Wins voor belasting	4	140 000	
Inkomstebelastinguitgawe (140 000 x 30%)		<u>(42 000)</u>	
Wins vir die jaar		98 000	
Ander omvattende inkomste vir die jaar, netto van belasting:		48 700	
Items wat nie geherklassifiseer gaan word nie		35 700	
Herwaardasie van eiendom		42 000	
- Herwaardasie van grond		(6 300)	
- Belastinguitgawe (42 000 x 50% x 30%)			
Items wat geherklassifiseer gaan word		13 000	
Wisselkoersverskille met omrekening van buitelandse bedrywighede		13 000	
- Toename gedurende die jaar			
- Belastinguitgawe		-	
Totale omvattende inkomste vir die jaar		<u>146 700</u>	

## OF

**SAFARI BPK  
STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE  
JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X7 (aard)**

	Aant	20X7 R	20X6 R
Inkomste	.	900 000	
Ander inkomste		10 000	
Verandering in voorraad klaarprodukte en werk-in-proses (45 – 75)		30 000	
Grondstowwe en verbruiksgoedere benut (20 + 70 - 30)		(60 000)	
Werknemervoordeeltuitgawe (175 + 15 + 2 + 7)		(199 000)	
Waardevermindering (125 + 5)		(130 000)	
Ander uitgawes (170 + 100 + 50 + 39 + 2 + 20)		(381 000)	
Finansieringskoste		<u>(30 000)</u>	
Wins voor belasting	5	140 000	
Inkomstebelastinguitgawe		<u>(42 000)</u>	
Wins vir die jaar		98 000	
Ander omvattende inkomste vir die jaar, netto van belasting:		48 700	
Items wat nie geherklassifiseer gaan word nie		35 700	
Herwaardasie van eiendom		42 000	
- Belastinguitgawe (42 000 x 50% x 30%)		(6 300)	
Items wat geherklassifiseer gaan word		13 000	
Wisselkoersverskille met omrekening van buitelandse bedrywighede		13 000	
- Toename gedurende die jaar			
- Belastinguitgawe		-	
Totale omvattende inkomste vir die jaar		<u>146 700</u>	

SAFARI BPK  
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X7

	Aandeel- kapitaal	Buitelandse- valuta- omrekenings reserwe <sup>4</sup>	Herwaar- dasie- surplus <sup>4</sup>	Batever- vangings- reserwe <sup>1</sup>	Behoue verdienste	Totaal
	R	R	R	R	R	R
Saldo op 31 Desember 20X6	100 000	45 000	100 000	-	475 000	720 000
Regstelling van vorige tydperk-fout	-	-	-	-	(24 500) <sup>1</sup>	(24 500)
Hersaamgestelde saldo	100 000	45 000	100 000	-	450 500	695 500
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	13 000	35 700	-	98 000	146 700
- Wins vir die jaar	-	-	-	-	98 000	98 000
- Ander omvattende inkomste vir die jaar	-	13 000	35 700	-	-	48 700
Dividende betaal (5 sent per aandeel) <sup>3</sup>	-	-	-	-	(5 000) <sup>2</sup>	(5 000)
Oordrag na batevervangingsreserwe	-	-	-	10 000	(10 000)	-
Saldo op 31 Desember 20X7	100 000	58 000	135 700	10 000	533 500	837 200

- 1 35 000 – 30% belasting = 24 500  
 2 Die bedrag ten opsigte van dividende voorgestel moet by wyse van 'n aantekening (verwys aant. 6) openbaar word.  
 3 Dividend per aandeel moet óf in die staat van veranderinge in ekwiteit óf in die aantekeninge openbaar word.  
 4 'n Beskrywing van die aard en doel van elke reserwe moet geopenbaar word. Dit word in vraag 5 geïllustreer.

I:\Share\Rek\FRK 700\2012\RS seminare\RS3A-AFR.DOC

SAFARI BPK  
AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X7

	20X7 R	20X6 R
<b>4. Wins voor belasting (indien SOI volgens funksie aangebied word)</b>		
Wins voor belasting word getoon met inagname van die volgende items:		
Waardevermindering	130 000	
Werknemervoordeeluitgawe (175 + 15 + 2 + 5)	199 000	
Navorsingskoste	2 000	
Wins met verkoop van aanleg <sup>#</sup>	10 000	
Verlies van kontant agv diefstal <sup>#</sup>	20 000	
<b>#</b> Beskou as 'n afsonderlik aantoonbare item (IAS 1.97).		
	<b>20X7 R</b>	<b>20X6 R</b>
<b>5. Wins voor belasting (indien SOI volgens aard aangebied word)</b>		
Wins voor belasting word getoon met inagname van die volgende items:		
Navorsingskoste	2 000	
Wins met verkoop van aanleg	10 000	
Verlies van kontant agv diefstal	20 000	

I:\Share\Rek\FRK 700\2012\RS seminare\RS3A-AFR.DOC

## 6. Dividende

'n Finale dividend van R4 000 (4 sent per aandeel) is voorgestel, maar is nog onderhewig aan goedkeuring by die algemene jaarvergadering.

## Berekening

## 1. Koste van verkope

Beginvoorraad – klaarprodukte	45 000
Grondstowwe verbruik	60 000
- beginvoorraad	20 000
- aankope	70 000
- eindvoorraad	(30 000)
Direkte arbeidskoste	175 000
Bokoste	
- waardevermindering	125 000
- ander	170 000
Eindvoorraad – klaarprodukte	(75 000)
Koste van verkope	<u>500 000</u>

## VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 5

## DEEL A

## NEWSOUND BPK GROEP

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP  
31 DESEMBER 20X9

	20X9 R'000	20X8 R'000
<b>BATES</b>		
<b>Niebedryfsbates</b>		
Eiendom, aanleg en toerusting	16 069	14 696
<b>Bedryfsbates</b>	610 550	373 300
Voorraad	192 085	149 002
Debiteure	418 465	222 833
Kontant en kontantekwivalente	-	1 465
<b>Totale bates</b>	<u>626 619</u>	<u>387 996</u>
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>		
<b>Totale ekwiteit</b>	223 651	200 209
<b>Ekwiteit toeskryfbaar aan eienaars van moedermaatskappy</b>	183 526	168 209
Uitgereikte kapitaal	147 834	147 834
Herwaardasiesurplus	8 500	-
Batevervangingsreserwe	5 000	2 000
Behoue verdienste	22 192	18 375
<b>Niebeherendebelang</b>	<u>40 125</u>	<u>32 000</u>
<b>Totale laste</b>	402 968	187 787
<b>Niebedryfslaste</b>	<u>264 875</u>	<u>131 397</u>
Langtermynlenings	236 000	108 297
Uitgestelde belasting	28 875	23 100
<b>Bedryfslaste</b>	<u>138 093</u>	<u>56 390</u>
Krediteure	35 990	20 145
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	83 042	24 639
Aandeehouers vir dividende	17 409	11 606
Bankoortrekking	1 652	-
<b>Totale ekwiteit en laste</b>	<u>626 619</u>	<u>387 996</u>

**NEWSOUND BPK GROEP**  
**GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER**  
**OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X9**

Aant	20X9 R'000	20X8 R'000
Inkomste	1 287 052	902 052
Koste van verkope	(1 098 187)	(819 939)
Bruto wins	188 865	82 113
Verspreidingskoste	(25 741)	(14 010)
Administratiewe uitgawes	(28 813)	(10 345)
Ander uitgawes		
(3 002 + 500 + 45 379); (2 237 + 20 000)	(48 881)	(22 237)
Finansieringskoste	(39 264)	(20 862)
Wins voor belasting	2 46 166	14 659
Inkomstebelastinguitgawe	3 (10 927)	(6 148)
Wins vir die jaar	35 239	8 511
Ander omvattende inkomste vir die jaar, netto van belasting:	10 625	xx
Herwaardasie van eiendom	10 625	xx
- Wins by eiendomherwaardasie	12 500	-
(10 625 x 100/85) <sup>#</sup>		
- Belastinguitgawe (12 500 x 15%) <sup>##</sup>	(1 875)	-
Finansiële bates teen BW deur AOI <sup>*</sup>	xx	xx
- Wins wat gedurende die jaar ontstaan het	xx	xx
- Belastinguitgawe	(xx)	(xx)
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>45 864</b>	<b>8 511</b>
Wins toeskryfbaar aan:		
- Eienaars van die moeder	28 039	1 711
- Niebeherende belang (gegee)	7 200	6 800
	35 239	8 511
<b>Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:</b>		
- Eienaars van die moeder		
(28039 + 10625 – 2125)	36 539	1 711
- Niebeherende belang (7 200 + 2 125)	9 325	6 800
	45 864	8 511

# Eliminering van die uitwerking van kapitaalwinstbelasting - saldo op die herwaardasiesurplusrekening verteenwoordig die na-belaste effek.

## Kapitaalwinstbelasting gehef teen 15% (d.i. 30% x 50%)

\* Slegs ter illustrasie

**Nota:**

In hierdie vraag word die belastingeffek van elke komponent van ander omvattende inkomste op die gesig van die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste getoon. Hierdie inligting kan alternatiewelik in die aantekeninge openbaar word.

**NEWSOUND BPK GROEP**

**GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT VIR DIE JAAR**  
**GEËINDIG 31 DESEMBER 20X9**

	Aandele- kapitaal	Her- waar- dasie- surplus	Batever- vang- ings- resewe	Behoue ver- dienste	Totaal	Niebehe- rende- belange	Totale ekwiteit
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>Saldo op</b>							
<b>31 Desember 20X7</b>	147 834	-	-	33 802	181 636	26 300e	207 936
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	1 711	1 711	6 800	8 511
- Wins vir die jaar	-	-	-	1 711	1 711	6 800	8 511
- Ander omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	-	-	-	-
Oordrag na vervangingsreserwe	-	-	2 000	(2 000)g	-	-	-
Dividende	-	-	-	(15 138)f	(15 138)	(1 100)f	(16 238)
<b>Saldo op</b>							
<b>31 Desember 20X8</b>	147 834	-	2 000	18 375	168 209	32 000	200 209
Totale omvattende inkomste vir die jaar:	-	8 500a	-	28 039	36 539	9 325b	45 864
- Wins vir die jaar	-	-	-	28 039	28 039	7 200	35 239
- Ander omvattende inkomste vir die jaar	-	8 500	-	-	8 500	2 125	10 625
Oordrag na vervangingsreserwe	-	-	3 000	(3 000)g	-	-	-
Dividende	-	-	-	(21 222) <sup>i</sup>	(21 222)	(1 200) <sup>i</sup>	(22 422)
<b>Saldo op</b>							
<b>31 Desember 20X9</b>	<u>147 834</u>	<u>8 500</u>	<u>5 000</u>	<u>22 192</u>	<u>183 526</u>	<u>40 125</u>	<u>223 651</u>

**Aard en doel van reserwes:**

Herwaardasiesurplus: 'n nieverdeerbare reserwe vir die erkenning van herwaardasiesurplusse tov eiendom, aanleg en toerusting<sup>h</sup>.

Batevervangingsreserwe: 'n verdeerbare reserwe wat voorsiening maak vir die vervanging van EAT.<sup>h</sup>

<sup>a</sup> 10 625 - 2 125 = 8 500

<sup>b</sup> 2 125 + 7 200 = 9 325

<sup>e</sup> 32 000 + 1 100 - 6 800 = 26 300

<sup>f</sup> Die gekonsolideerde dividend bestaan slegs uit die dividend van die moedermaatskappy, terwyl dividende betaal aan niebeherende belange die niebeherende belange in die staat van finansiële posisie verminder.

<sup>g</sup> Oordrag na batevervangingsreserwe is slegs die moedermaatskappy se deel en beïnvloed nie niebeherende belange nie, aangesien totale ekwiteit dieselfde bly.

<sup>h</sup> 'n Beskrywing van die aard en doel van elke reserwe moet verskaf word (IAS 1.79). Ons beveel aan dat dit onderaan die staat van verandering in ekwiteit gedoen word. In hierdie vraag is aanvaar dat die herwaardasiesurplus nie-verdeelbaar is nie, maar dit kan ook verdeelbaar wees afhangend van die bepalinge van die entiteit se akte en statute.

**NEWSOUND BPK GROEP****AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20X9****1. Rekeningkundige beleid**1.1 *Aanbiedingsgrondslag*

Die finansiële state voldoen in alle opsigte aan International Financial Reporting Standards. Dit is op die historiesekoste-grondslag voorberei, behalwe vir grond wat herwaardeer word.

[Die rekeningkundige beleid tov elke wesentlike soort transaksie behoort openbaar te word - u beskik egter nie oor voldoende inligting om dit hier te doen nie.]

**KOMMENTAAR**

IAS 1.16 vereis openbaarmaking van die feit dat aan IFRS voldoen is.

**2. Wins voor belasting**

Ingesluit by wins voor belasting is:

	<b>20X9</b>	<b>20X8</b>
	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Waardevermindering	3 002	2 237
Verlies met skraping van toerusting	500	-
Werknemervoordeeltuitgawe	45 379	20 000

**KOMMENTAAR**

1. Let daarop dat wanneer uitgawes volgens *funksie* geklassifiseer word, dit nodig is om die volgende in die aantekening oor wins voor belasting te openbaar (IAS 1.104):

- totale waardevermindering
- totale amortisasie
- totale werknemervoordeeltuitgawe.

2. Die verlies met die skraping van die toerusting kwalifiseer as 'n afsonderlik aantoonbare item (IAS 1.98(a)). Slegs die aard daarvan en bedrag moet geopenbaar word.

**3. Belasting**

	<b>20X9</b>	<b>20X8</b>
	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Hoofkomponente van inkomstebelastinguitgawe		
SA normale belasting		
- lopend	(7 027)	(3 048)
- uitgestel	<u>(3 900)</u>	<u>(3 100)</u>
	<u>10 927</u>	<u>6 148</u>

**VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 6**

Volgens IAS 1.60 word 'n las as 'n bedryfslas geklassifiseer indien dit in die normale loop van 'n entiteit se bedryfsiklus vereffen sal word, indien dit binne 12 maande na verslagdoeningsdatum vereffen sal word, as dit hoofsaaklik gehou word vir verhandelingsdoeleindes, of as die entiteit nie 'n onvoorwaardelike reg het om vereffening van die verpligting uit te stel vir minstens 12 maande na verslagdoeningsdatum nie.

Die lening onder bespreking was aanvanklik op 30 April 20X3 terugbetaalbaar (dus binne 12 maande), maar na verslagdoeningsdatum is die terugbetalingsdatum uitgeskuif na 30 April 20X4 (meer as 12 maande na jaareinde).

Die ooreenkoms wat tot hierdie verandering aanleiding gegee het, verteenwoordig egter 'n nie-aansuiweringsgebeurtenis na verslagdoeningsdatum, aangesien dit nie eFin (Edms) Bpk se solvabiliteit en likiditeit op verslagdoeningsdatum beïnvloed nie.

Gevolglik moet die lening in die staat van finansiële posisie op 30 Junie 20X2 steeds as 'n bedryfslas geklassifiseer word.